22 Jul

Uitgawe 2009/07/22

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering. (**1 Tim.4:12-13**). In ons wandel met God moet ons oor ons geestelike lewe waak. Die bogenoemde verse is duidelik in wat ons moet doen om 'n sterk geestelike lewe te lei. Ons moet aandag skenk lesings uit die Woord, om andere te bemoedig en lering van Christus. ***Vader, ons bid in die naam van Jesus dat U sal help om 'n dieper kennis van U en Jesus Christus wie U gestuur het te bekom. Help ons om nie onsself hoog te ag nie, maar gee ons 'n ontvanklike gees. Help ons om U Naam te vrees en dat ons sal leef volgens die Gees van God.***

Deurbraak : Imams kom tot redding

'n Islamitiese leier (Imam) van Noord-Afrika is jare gelede gevange geneem nadat hy 'n volgeling van Jesus geword het. Hy het baie ander Moslem gevangenes na Jesus gelei. Die "Christen Imam" is van die een tronk na die ander oorgeplaas. Dieselfde ding het egter elke keer gebeur: Hy het 'n kerk in die tronk geplant. In 'n ander area het 'n evangelistiese groep in 'n dorpie aangegaan om die *JESUS Film* te vertoon. Die grootste muur in die dorpie was 'n muur van 'n moskee. Lede van die groep het die plaaslike imam om permissie gevra om die film op die muur te projekteer. Hy het aan hul versoek voldoen. Daardie aand, nadat hulle die film vertoon het, was die imam die eerste persoon wat gereageer het op die uitnodiging om Jesus as Saligmaker te aanvaar. (Webruimte: http://www.bpnews.net/BPFirstPerson.asp?ID=30861, 09/07/09). ***Prys die Here vir elke persoon wat bereid is om hul lewe in gevaar te stel om die evangelie van Jesus te verkondig. Bid dat die openbaring van Jesus die Moslem wêreld sal binnedring en dat baie Jesus sal aanneem as hul persoonlike Saligmaker en Heer.***

Bid vir jou gemeenskap : Herbou die familie altaar

Kennis van die Bybel en die stories wat daarin geskryf staan is besig om af te neem in VK. Jongmense glo die Bybel is "outyds" en "irrelevant" is. 'n Opname van meer as 900 Britte van 'n agtergrond van geloof en ook diegene wat nie gelowig is nie het getoon dat meer as 60 persent niks kon sê van die Goeie Samaritaan nie. "Was hy nie die persoon wat die vrou by die put gehelp het nie?" het 'n persoon gevra, terwyl 62 persent nie die storie van die Verlore Seun geken het nie. Slegs 1 uit elke 20 mense wat in 'n onderhoud was kon al die Tien Gebooie opnoem. Sestien persent het gese dat hulle nie een van die gebooie ken nie. (Webruimte: http://www.christiantoday.com/article/knowledge.of.bible.in.decline.among.youths/23823.htm, 17/07/09). Vir meer inligting oor hoe om die familie altaar in die huis te herstel, lees die artikel op http://www.jwipn.com/pdf/Mans%20wat%20bid_Herstel_huisgodsdiens.pdf. ***Bid vir die jongmense in jou gemeenskap; dat hulle 'n begeerte sal hê vir God se Woord. Bid Ps. 63:1-10 as 'n gebed vir jongmense.***

Suid-Afrika : MIV/Vigs

Terwyl Suid-Afrika besig is om voor te berei vir die 2010 Wêreldbeker, waarsku mediese kenners dat besoekers beskerm moet word teen MIV/VIGS. Alhoewel verslae toon dat die pandemie in Suid-Afrika besig is om te stabiliseer, het Suid-Afrika nog steeds die hoogste MIV/VIGS syfer in die wêreld. Die virus het die grootste impak in gemeenskappe rondom Suid-Afrika se platinum en goudmyne. Die enigste hoop vir hierdie areas is 'n verandering in waardes volgends die Woord van God. (Webruimte: http://mnnonline.org/article/12853, 29/07/09). ***Bid dat waardes volgens die Woord van God met kinders op 'n jong ouderdom gedeel sal word sodat hulle die regte keuses sal maak wanneer hulle seksuele volwassenheid bereik.***

Internasionaal : Vertalingsentrum skep hoop in DRK

Die Demokratiese Republiek van die Kongo in Sentraal-Afrika is verwoes deur die oorlog wat vir die afgelope vyf jaar gewoed het waarin drie miljoen mense gesterf het. Die lewensverwagting is 45 jaar vir mans en 48 jaar vir vroue. *Wycliffe Associates* (Bybel vertalers) besef dat hierdie land Jesus nodig het en gaan 'n sentrum vir Bybelvertaling in die stad van Bunia oprig in die Noordooste van die DRK. Geweld het afgeneem in hierdie area en hulle wil gebruik maak van hierdie geleentheid om 'n sentrum in die area op te rig. Sendelinge het in die verlede beken dat konflikte afneem wanneer mense die Bybel kan lees in hul eie taal. (Webruimte: http://mnnonline.org/article/12945, 17/07/09). ***Vra die Here om in die harte van die plaaslike mense te werk wanneer hierdie projek begin en dat hulle ontvanklik sal wees vir die evangelie wanneer dit met hulle gedeel word. Spreek die krag van God se Woord oor die DRK volgens Ps. 19:7-11 en Ps.119.***

Hierdie gebedskalender is 'n insiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com